# SWART OP WIT

Jg 1/5 — 'n tydskrif wat belydenisgetrou én leesbaar wil wees 1985

# ONS MOET OOK BELY

As gelowiges, as die kerk 'n belydenis opstel, is dit 'n kreet. Dit is woorde wat in die laaste erns uitgespreek, byna gebid word. Dit is familie van die gelofte van die Voortrekker-gelowiges by Danskraal; woorde van lewe en dood.

Die NG Sendingkerk het só 'n belydenis begin opstel. Hulle het 'n status confessionis afgekondig, wat beteken het dat hulle gesê het die tyd is nou ryp om te bely. Ons het nou klaar briewe en memoranda geskrywe en toesprake gemaak. Ons het nou klaar met mense gepraat, ons gaan nou met God praat. Die Here hoor ons: ons weet nou nie meer wat om te doen nie. Ons het nou nog net God oor om voor en mee te praat.

## ONS OOK

My eerlike mening is dat ons ook alle reg het om hierdie taal te praat. Ek dink die drie Afrikaanse Gereformeerde Kerke sou dit saam kon praat, maar minstens die Ned. Geref. Kerk. Hy moet die leiding neem — in 86.

Die NG Sendingkerk mag met die rug teen die muur wees in Suid-Afrika, maar hy het feitlik die hele Christelike wêreld agter hom. Die Afrikaanse Gereformeerde kerke het die ganse wêreld teen ons. As daar ooit van 'n belydeniskreet sprake was... Dis nie goed genoeg om ras, volk en nasie te hersien nie. RVN is 'n memorandum, 'n studiestuk. Wat ons nodig het is 'n stuk wat nie 'n opinie is nie, nie hersienbaar elke tien jaar, soos die wetenskap van die volkekunde of die politiek verander nie.

Ons moet bely. Ons moet sê: Hier staan ons, ons kan nie anders nie, so help my God.

## DEPOLITISERING

Nou kan ons, na my insig, alleenlik 'n belydenisstuk opstel as ons die kerk daarmee depolitiseer. Ons moet die kerk uit die korttermyn-politiek uithaal, anders kan ons nie 'n belydenis vir die eeue opstel nie.

Ons moet sê dat die gelowige geroepe is om die owerheid te gehoorsaam — behalwe as die owerheid van hom vereis om afgode te aanbid. Ons moet ons uitspreek teen burgerlike ongehoorsaamheid as 'n kerk-politieke middel.

Ons moet sê dat ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde verwag waarop daar volkome vryheid en

## Nie bêre nie, lees:


- **Die verhaal van die outjie wat te bang was om op te hou skryf.**
- **Hooglied in storievorm**
- **Berkouwer, Kuyper en Noordmans dink nie Kohlbrugge is 'n gevaar nie.**
- **Die swartste Sondag in die Kategismus.**
- **Ds. Dana antwoord.**
- **Kruis en Munt — skerp brokkies op verskeie bladsye.**
- **Die priester wat stom geword het van ongeloof.**
- **'n Brief om vir diakens saam te gee.**

gelykheid sal wees; 'n hemel en 'n aarde waarop selfs leeus, lammers en wolwe in liefde langs mekaar sal lewe. En dat ons by die owerheid daarop sal aandring om dît as sy model vir staatsordening te aanvaar.

**ONS BESKIK IN DIE GEREFORMEERDE KERKE OOR DOGMATICI WAT IN STAAT IS OM 'N BELYDENIS VIR ONS TYD VAN BESLISSING OP TE STEL**

Ons moet die feilbaarheid van die owerheid in hierdie bedeling bely, en dat die kerk goed weet dat wat hy verwag, eers in die hiernamaals bereik sal kan word.

Ons moet uitdruklik sê dat geen politieke pla politieke of toestand wat nie volkome bewegingsvryheid gee en harmonie en geluk nie, deur die kerk geëndosseer mag word nie, en dat as dit in die verlede gedoen is, en in die toekoms sal word, dit fout en sonde is.

Ons moet die gelykheid van mense in hulle sonde voor God bely, en voor God se genade.

Ons moet uitdruklik bely dat geen kerk ooit vir enige bona fide aanbidder gesluit kan word nie, maar wel vir mala fide betogers en politieke geesdrywers.

Ons moet op 'n aanvaarbare manier sê dat hierdie ope kerke op 'n familiebasis georganiseer kan word, taal— en kultuurgewys, maar nooit so dat dit liefdeloosheid en afsydigheid uitspel nie. Méér so dat dit die verskeidenheid gawes en die liefde, nie die haat nie, dien.

WIE

Die NG kerk het drie teologiese fakulteite en die Gereformeerdes en die Hervormers een elk. Ek dink drie dogmatici van elk behoort 'n bruikbare span op te maak. Ek dink dis belangrik dat leerstelliges 'n leerstuk opstel en nie kerkpolitici nie. Dáárin kan ons die NG Sendingkerk volg.

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, LYNN EAST 0039
Tel: (012) 821153

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar.
Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

**U KAN SWART OP WIT FOTOKOPIEER MAAR DAN LEWER U GEEN BYDRAE OM SY VOORTGANG TE VERSEKER NIE**

# CHRISTEN EN OPSTAND TEEN STAATSGESAG

Oorgeneem uit Die Volksblad
10/9/85

BEN ENGELBRECHT

Op die televisieskerm en by die Universiteit van die Witwatersrand in die helder daglig, het ek in die jongste tyd meermale gesien hoe betogers, klipgooiers en slagspreukskreeuers die hasepad kies sodra die Polisie met traanrook en sambokke onder hulle inspring. Dit moet sonder meer afgemaak word as veragtelike lafhartigheid.

## AANVUUR

Daar is Christene in ons land (en miskien nog meer in die buiteland — die "action" Christene) wat díe vorm van uittartende protes aanvuur en bepleit, en selfs ook probeer lei, met die aanspraak dat dit sowel 'n gewoon-demokratiese as 'n gewoon-Christelike reg is.

Hoe hierdie Christene die kloutjie by die oor kry (en dit boonop as 'n Christelike bydrae tot vrede in ons land probeer regverdig), kon vir my nog nooit duidelik word nie.

**WIE DIE STAATSGESAG IN DIE NAAM VAN CHRISTUS VERWERP VERWERP DIE GESAG VAN GOD IN DIE NAAM VAN GOD**

'n Mens sou dit nog kon verstaan as die enkele gelowige op 'n gegewe krisismoment aan die stem van sy gewete gehoor gee en eenvoudig standpunt inneem ongeag die gevolge vir homself.

## PROTES

Vir so 'n mens is reg en waarheid dan onderskeidbaar. Waarheidstrou regverdig dan 'n standpuntinname wat ook as uitdagende protes beoordeel kan word. Wie só vir die waarheid opkom, staan dan op 'n lááste posisie, so te sê met sy rug teen die muur.

Dit is natuurlik moontlik dat meer as een mens gelyktydig, om dieselfde rede, op so 'n laaste posisie teruggedryf kan word en voor 'n soort finale keuse te staan kan kom. Die getal kan ook, na gelang van die situasie en omstandighede, aangroei tot honderde of duisende. Maar in beginsel kan dit nooit 'n massasaak word nie. Veral as die uitdagende protes een is teen 'n mag soos die staat wat sy wil aan ons kan opdwing, is dit, weer eens in beginsel, altyd 'n saak wat in die gewete van die enkele mens uitgemaak moet word.

Dit is en bly so, al is die stroomop keuse wat die enkele mens maak 'n aansluiting by 'n soort kollektiewe gewete. As die mens se gewetensbeslissing hom tot uitdagende protes dwing — veral teen die staat! — dan het hy hom op 'n weg begewe waarop die bereidheid om ook te sterf vir sy oortuiging noodwendig oorweeg moet word. Terugkeer as 'n handeling vanuit 'n nuwe insig is inderdaad denkbaar. Maar die mens wat eenmaal sy tande vir die staat wys en dan weghardloop is kinderagtig en lafhartig.

**POLITIEKE MESSIASSE WAS NOG ALTYD OPPONENTE VAN JESUS CHRISTUS. HU HULLE IS 'N GEVAAR VIR DIE SAMELEWING EN VIR HULLESELF**

Wie die staatsgesag (deur God verorden) in die Naam van Christus verwerp, doen daarmee die ergste en die uiterste wat daar ooit in die Naam van Christus gedoen kan word.

Dit kom daarop neer dat hy die gesag van God in die Naam van God verwerp. Dit is die plofbaarste paradoks denkbaar, en daarom is 'n oproep tot burgerlike ongehoorsaamheid in wese reeds 'n oproep tot, en 'n daad van revolusie.

## AANHITS

Die "Godsgesant" wat mense daartoe aanhits, moet homself as 'n soort messias beskou wat die messianiteit van Jesus, wat sy volgelinge tot lyding oproep, oortroef met 'n messianiteit wat die heilsweg aandui as een van verset en revolusie.

Meestal is sulke politieke messiasse roekelose dwase lafaards in murg en been wat agter die bloed en offers van ander skuil. Hulle kan ook blote pionne wees of veragtelike opportuniste.

Politieke messiasse was nog altyd opponente van Jesus Christus. Hulle is 'n gevaar vir die samelewing en vir hulleself.

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan

## GEMASKERDE BOOSAARDIGHEID

Op 'n dag sien ek 'n motor staan in my agterplaas wat duidelik gemerk is PRIVAAT; die agterplaas, nie die motor nie. Ek is bebaard, tien minute terug van vakansie af. Ek vra wat sy wil hê en herken haar. Sy is nie 'n lid van die gemeente nie, sy's lid van die Hatfield Baptiste wat knaend kuier by plaaslike gemeentelede.

Sy sê sy wil met my praat.

Ek sê dis bietjie ongeleë, maar waaroor wil sy praat?

Nee, sy wil my net om verskoning vra.

Waaroor?

Nee., omdat sy vir mense gesê het ek verwaarloos my gemeente.

Toe sê ek ja, dis 'n baie onverantwoordelike ding om te doen as jy nie weet waarvan jy praat nie, maar ek aanvaar die verskoning, sy kan maar ry.

* * *

Die wonderlikste vir my was natuurlik die tegniek. Jy masker jou met vroomheid, en dan sê jy tóg jou slegsê .

'n Paar weke later het sy dié metode toe herhaal.

Sy het my 'n (oop) brief gegee om aan haar gewese man te gee waarin sy dié in geen onsekere terme nie die kop was oor die stories wat sy rondstrooi wat eersgenoemde infame leuens noem.

Maar dan vervolg sy meteens: "Ek vergewe jou opreg daarvoor." Sy sê sy het haar selfs lief met die liefde wat Christus in ons harte wek. "Dit is net Hy wat my tot hierdie skrywe oortuig het." En die krasse, beledigende brief word "geheilig" met die woorde: "Ek kies werklik om met sy genade die pad net met ons Heer te loop, dit skakel alle oneerlikheid uit."

Natuurlik het ek die brief nie aan die geadresseerde oorhandig nie. Ek wens geen hand te hê in hierdie soort skyn-heiligheid nie.

## STANGER SE BLADJIE

'n Leser, P.F. de Jager van Vryheid, stuur een van dr. James van Zyl se genesingsbladjies aan ons, net om te deel. Hy skryf:Soms lag ek daaroor, maar verstik dan weer byna in die tragiek daarvan."

Ek het so 'n bietjie deurgeblaai, en die diagnose is raak. 'n Dr. Lester Sumrall skryf bv. oor duiwels en deel mee dat hulle in die lug woon, getuig Ef. 2:2. Dit is egter ook moontlik dat hulle hul hoofkwartier op die maan het, want die maan het 'n geweldige effek op die aarde.

Middeleeue, hier kom ons weer...

Op die tweede laaste bladsy merk ons leser nog iets treffends. Daar staan: "IS JY AL GEDOOP IN DIE HEILIGE GEES? Indien nie, waarom nie? Het jou leraar jou vertel dat dit net vir sektes is? Miskien was jy gedoop in die Heilige Gees, maar dit was nie vir jou 'n ondervinding wat jou lewe omgekeer het nie. Miskien was jy oor die jare tevrede met minder as die beste. Dan moet jy weer na God gaan, soos Elisa, en vra vir 'n dubbele deel van die Gees.

In die kantlyn hierby skryf vriend de Jager:

"Die Heilige Gees moet nou oordoen wat hy verbrou het!"

# DIE VERPLEEGSTERTJIE

**Bybelstudie Ou Testament** **Oor Hooglied**

> **1 Kon. 1:4: "Sy was baie mooi en het die koning versorg en hom bedien, maar hy het nie met haar omgang gehad nie." (Lewende Bybel)**

Gedigte lees is nie altyd maklik nie. Om dit te skryf is nog moeiliker, want 'n mens moet baie diep kan voel en sien.

Hooglied — wat beteken Mooiste Lied — is 'n gedig. Dis 'n baie mooi gedig, maar nie baie maklik nie.

Stories lees makliker.

**ONS KAN VAN DIE MOEILIKE HOOGLIED-GEDIG 'N INTERESSANTE STORIE MAAK, MET 'N BIETJIE VERBEELDING**

Is dit dan nie dalk moontlik om van Hooglied 'n storie te maak nie? Net sodat hy kan begin lewe, en sodat die karakters daarvan vlees en bloed kan kry?

Ek dink dit is wel moontlik, maar dan moet ons bietjie verbeelding gebruik, en met 'n hipotese werk wat nie werklik waterdig bewys kan word nie.

Ons moet naamlik aanvaar dat die beeldskone verpleegstertjie waarvan 1 Kon. 1:3,4 praat, die heldin van Hooglied was. Abisag was haar naam, afkomstig van die dorpie Sumen.

* * *

Koning Dawid was al baie oud, sê 1:1. Hy was oud en koud. Selfs as hulle hom warm toegemaak het kon hy maar nie warm word nie.

Toe kom sy getroue amptenare met die plan, vol begrip en deernis, om 'n mooi jong meisie te vind om bietjie by hom te kom lê, en selfs te slaap, sodat sy bloed weer vinniger kan vloei, omdat sy hart weer vinniger klop.

Die Abisag wat hulle toe gevind het, was mooi, baie mooi, sê die skrywer. 'n Mens sou selfs kon sê dat sy die mooiste meisie in die land was, want die amptenare het op die bevel die hele land deurreis om haar te vind.

Nou, hierdie mooie Abisag sou in die binnekringe van die paleis getuie word van al die intriges en dramas wat in die ou dae rondom die troonopvolging plaasgevind het. Nie net getuie nie, maar ook deel daarvan. Een van die belangrikste karakters. Want Andonia, een van die prinse, het om haar hand gevra, en met sy lewe daarvoor geboet.

Abisag sou in die paleis ook vir Salomo ontmoet.

Opvallend dat die Bybel uitdruklik vermeld dat, hoewel Abisag by die gryse koning Dawid gelê, en geslaap het, daar niks méér tussen hulle gekom het nie. Vir ons teorie is dit van groot belang want dit beteken dat sy maagdelik skoon was toe Salomo haar baie maande later weer ontmoet.

# DIE TWEE ASPIRANTE

(Bybelstudie vervolg) 1 Kon.1:5—2:25

**1 Kon. 2:22: "Hoekom vra u dat hy (Adonia) Abisag moet kry? U kan dan net sowel die hele koningskap vir hom vra..."**

Die Franse het 'n spreekwoord wat in drie kort skerp woorde sê dat daar agter elke moeilikheid 'n vrou sit.

In die geskiedenis wat ons meen die agtergrond vorm vir die mooiste liefdeslied, in die Bybel, sit daar ook 'n vrou. Aanvanklik selfs twee vrouens want nie net Abisag nie, maar ook Batseba speel 'n groot rol in dié drama.

Hoewel Abisag se naam nie in die onderhawige stukkie geskiedenis oorheers nie, wil ek u vra om tog wanneer u ons lang Skrifgedeelte lees, heeltyd van haar bewus te bly. Dink deurgaans daaraan dat

sy al die drama sien gebeur, dat groot dele daarvan in die koning se slaapkamer voor haar groot bruin oë afspeel.

**DIE GROOTSTE DRAMAS SPEEL VOOR ABISAG SE Oë AF**

Sy sien — want vers 15 sê sy was besig om die koning te versorg toe dit gebeur—:

* Batseba inkom en aan Dawid vertel van die groot fees wat Andonia aan't viere is met 'n klomp invloedryke vriende, waaronder priesters, prinse en hoë staatsamptenare. Sy weet Adonia is wyle Absalom se broer — dié Absalom wat Dawid nie slegs wou onttroon nie, maar hom selfs om die lewe wou bring — en dat Adonia nou die oudste koningseun is. En sy weet dat Adonia 'n bedorwe brokkie is. (1:6)

Sy weet ook van die groot liefde tussen Dawid en Batseba, en die leed wat dit veroorsaak en verdiep het.

* Sy hoor hoe Batseba die gryse, dalk half-dowe en swaksiende koning sò voorlig, dat hy móét kwaad word. Sy hits hom aan. Sy sê byna in soveel woorde dat Adonia met 'n sameswering besig is, en dat haar (en Dawid se) seun, Salomo, se lewe in gevaar verkeer. Sy vra vir Dawid wat dan geword het van sy belofte dat Salomo ná hom sal regeer?

*En as die koning, die baie ou koning (sê v.15), nog aarselend staar, volg die profeet Natan in Batseba se voetstappe.

O, hoeveel ironieë voer die geskiedenis nie in die mou nie! Byna drie dekades tevore het die profeet Natan ook ná Batseba by Dawid besoek gaan aflê, maar tóé was dit 'n perd van 'n ander kleur.

Terwyl Batseba se woorde nog in die kamer hang, sê iemand, een van die personeel: "Hier is die profeet Natan."

Iets moes eenvoudig in die gryse hart van Dawid geroer het. Natan? Natan? Oor Batseba?

Ja, Natan is daar oor Batseba. Eintlik oor haar kind. Hierdie keer nie oor die een wat moet sterf nie, maar oor die een wat moet leef. En Natan vertel ook die hele verhaal, die een wat Batseba so pas met vroulike wysheid en lis vertel het; hy vertel dit met profetiese venyn, en hy berispe die koning kamma, eintlik snydend sarkasties, dat die koning saam met Adonia agter hulle rug geknoei het.

Dit skud sy majesteit, die grysaard, tot in sy wese, en hy roep na Batseba. Hy sien haar nie langs sy bed staan nie. En dan sweer hy prewelend met die vonkies van die ou vuur wat deurslaan: "So seker as die Here leef: Salomo sal koning wees. Ek sweer — so help my God."

Van al hierdie dinge is Abisag getuie. Sy laat hom terugleun teen sy kussings. Dalk glimlag sy heimlik as Batseba buig en sê dat haar hartewens is dat koning Dawid vir ewig mag lewe.

En dan sien sy die ou leeu ontwaak in haar verswakte minsame pasiënt: "Vat my lyfwagte saam, en laat Salomo op my eie muil ry. Laat Sadok en Natan hom salf. Roep uit voor almal se ore: Lank lewe koning Salomo." Die laaste hees bevele van die strateeg op sy laaste bene.
* En dan die trane wat dam in Abisag se keel. Sy was so pas getuie van 'n koning wat abdikeer. 'n Koning na Gods hart. 'n Herder— en digter-koning. 'n Man wat vergifnis by God gevind het na owerspel en moord, maar wie se littekens tot in die grysheid bly pyn het oor dié sondes. "Die swaard sal van jou huis nie wyk nie..."

Buite hoor sy die fluite wat blaas, en die groeiende rumoer, en uiteindelik, na spanningsvolle ure, die berig dat Adonia se vrypostige fees chaoties uitmekaar gespat het, en dat Salomo nie net de jure nie, maar nou ook de facto koning is.

* En dan Salomo in die slaapkamer. Net sy en Salomo en die gewese koning wat die dood — soos baie mense net na aftrede — voel aantree. En wat daarom sy laaste bevele gee

Maar eers, dit raai ek maar, vra wat van (sy seun) Adonia geword het.

**WAT SOU DAAR GEBEUR HET IN DIE HARTE VAN SALOMO EN ABISAG TOE DAWID VOOR HULLE Oë STERF**

En Salomo wat antwoord dat Adonia die horings van genade op die altaar vasgehou het, maar dat hy, Salomo, hom huis toe gestuur het en hom sal duld solank hy hom gedra.

Die koning wat iets prewel oor Absalom, sy seun, sy seun, Absalom...

Dan dapper sê Salomo moet sterk en soos 'n mán optree, en wat Salomo leiding gee in dïe verband.

En dan sterf die koning voor die oë van Salomo en Abisag, die mooi meisie van Sunem.

* * *

Wat daar toe tussen Salomo en Abisag gebeur het, vertel die vertellers ons nie. Maar ons neem die vrymoedigheid om allerlei te vermoed en te raai omdat ons Abisag in die skoene van die heldin van Hooglied geskuif het.

As ons dan daarna lees dat Adonia vir Batseba om Abisag se hand vra en Salomo laat hom summier teregstel, wil ons vir kritiese geleerdes sê: Sien! Ons het julle mos gesê!

Salomo plaas hierdie skynbaar onskuldige versoek in die raamwerk van voortgesette hoogverraad, maar hy sou ook anders kon gehandel het. Abisag was nie Dawid se vrou nie. Dán wás dit tartende rebellie. Abisag was maar net 'n mooi verpleegstertjie wat maagd gebly het, maar dalk juis dáárom in die middelpunt van Salomo se belangstelling.

Al wat ons nou nog moet doen om by Hooglied self uit te kom, is om te veronderstel dat Abisag onder die druk van die twis tussen 'n koning en 'n prins om haar hand, halsoorkop na haar moeder se huis op die platteland terugvlug. Waarskynlik met die hulp van Salomo.

Maar ook met die belofte dat hy haar weer sal kom haal.

(Volgende keer: Hoogl. 1:1–40, en Ps. 72)

## Bybelstudie Nuwe Testament

# DIE STOMME PRIESTER

**Luk. 1:18: "Toe sê Sagaria vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Ek is so 'n ou man..."**

Hierdie is die verhaal van die twee oumense, Sagaria en Elisabet, aan wie 'n kind belowe word, en hoe Sagaria dit toe nie glo nie, en hoe die kind toe tog gebore word

Sagaria was 'n priester. Daar was baie priesters, maar net één tempel. Daarom moes die priesters volgens 'n rooster diens doen. Hulle is oorspronklik in 24 afdelings verdeel van wie Abia die agtste was. Net vier van díe afdelings het uit die ballingskap teruggekom, maar hierdie vier is weer in 24 verdeel onder die ou name. Elke afdeling was twee keer 'n jaar 'n week lank aan diens.

Selfs met die beperkings op die dienstyd was daar nog te veel priesters, en daarom moes die lot bepaal wie in die tempel moes ingaan om wierook te brand. Om hierdie taak te verrig is beskou as 'n baie groot voorreg, en 'n priester kon dit net een keer in sy leeftyd doen.

Die dag toe Sagaria die wierook moes brand, was dus, sou hy kon dink, die belangrikste dag van sy lewe. En toe het dit so anders geëindig as wat hy gedink het.

Die ooreenkomste met Abraham en Simson is so opvallend dat dit net nie toevallig kan wees nie. Ook met Gideon en Maria.

Abraham en Sara is geheel en al te oud om kinders te hê. Sara sê sy het nie eers meer die begeerte om een te verwek nie. En as 'n engel, eintlik God self, sê dat 'n kind uit haar gebore sou word, lag hulle, wanthulle kan dit nie glo nie. Simson se moeder is ook kinderloos. 'n Engel verskyn aan haar, en haar man, Manoag, vra met weifelmoedige geloof dat die engel tog weer moet kom, wat toe tog (genadiglik) gebeur. Die mededeling oor die kind wat verwag word, klink in vele opsigte soos díe oor Johannes die Doper. En Gideon vrees talle kere, en bly bewend tekens vra, wat God genadiglik gee. En Maria verwag (later) 'n Kind sonder dat sy omgang gehad het.

**LEES HIERDIE BYBELSTUDIE TEEN DIE AGTERGROND VAN MATT. 12:39:" 'N SLEGTE EN OWERSPELIGE GESLAG SOEK NA 'N TEKEN.**

Waarom al die ooreenkomste? Die verwekkings van die onmoontlike?

Daar kan geen ander rede voor wees nie, as dat God nog eens en vir altyd tot die mense wil laat deurdring dat Hý die reddingsdaad verrig. Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik. Anders sal die mense oudergewoonte hulle borsies uitstoot. Hulle doen dit dan selfs desondanks.

Dit is dus nog eens die verhaal van die hele Bybel. Wat die mense nie kan nie (Ou Testament), doen Gód (Nuwe Testament) omdat hy hulle jammer kry. So staan die hele Bybel ook weer in Luk. 1:5–25.

'n Mens moet dus nie die verhaal van Sagaria lees as die verhaal van 'n heilige, nog 'n Bybelheilige nie. Dis die verhaal van 'n sondaar.

Hy is 'n priester. As bonus in sy huwelik is sy vrou uit 'n priesterlike huis. Hulle is goeie mense – regverdig en onberispelik van lewenswandel. Getrou aan die wet van Moses. En tog word hulle getrouheid nie met kinders beloon nie – wat moeilik verstaanbaar was in daardie (wettiese) dae. Maar nou word hulle gelóóf op proef gestel. Dit sal nou blyk of hulle die wet vervul omdat hulle glo, dus uit dankbaarheid, en of hulle meen om daarmee te verdien. En dan laat Sagaria se geloof hom in die steek. Sy glo. Hy mag dus nog soveel stipulasies van die wet nakom, as God belowe, glo hy nie.

Die engel van God sélf praat met hom, maar hy vra 'n teken. Hy glo dus nie (sê v.20). En dan verwerp God hom nie. Hy gee aan hierdie slegte en owerspelige man 'n teken. Genadiglik, maar dan ook 'n bestraffende en beskamende teken. Daarin sien ons die genade van die kruis orentkom. God wat al die eeue deur praat en praat en praat. Genadewoorde. Woorde wat hy net sowel kon verswyg het. Hy was hulle nie aan die mense verskuldig nie. En tog het die mense dit nie geglo nie. En as God dan onvermoeid sy woorde in vlees en bloed na die mense stuur, hang die mense Hom aan die kruis op, in uiterste veragting en verwerping. En tog, desnieteenstaande, bly God woord hou, en red hy die mense. Al bewe die aarde van sy heilige toorn.

Dit doen hy nou ook en reeds aan Sagaria en Elisabet. Hy straf met stomheid, maar die straf is tegelyk 'n bevestiging van sy trou en liefde. En hy neem die smaad van Elisabet oor haar kinderloosheid weg. Hy verwyt hulle nie dat hulle nie uit al die voorbeelde van die geskiedenis geleer het nie, en skryf hulle daarom nie af nie.

* * *

Daar is ook 'n paar ander trekkies in die verhaal wat ons nie moet miskyk nie.

Aan Sagaria word gesê: "Jou gebed is verhoor" (v.13)

Watter gebed? Kan dit wees dat Sagaria hierdie één groot geleentheid in sy lewe misbruik het om nie vir die volk nie, maar vir hom en sy vrou te bid? Sommige verklaarders sê nee. So sondig sal hy nie wees nie. Hy het vir die verlossing van die volk gebid, en nou kry die volk 'n (voorlopige) verlosser, en Sagaria en sy vrou op die koop toe 'n kind. Dis moontlik en sinvol, maar dis net so moontlik dat die genade van God dáárin uitkom dat Sagaria, so menslik, aan homself en sy huwelik dink, en dat God op die koop toe 'n profeet aan die volk skenk.

"Johannes" moet hy paslik heet: Die Here is genadig.

Hy sal van sy geboorte af (dus níe eers van sy doop af nie) met die Heilige Gees (soos Elia) vervul wees, en hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. Hy sal vaders en kinders met mekaar versoen, ongehoorsames die weg wys. Só sal hy vir die koms van die Here 'n volk voorberei.

Dít was God se bedoeling. Johannes moes die weg voorberei. Hy moes die mense se oë oopmaak. Hy moes hulle laat bekeer, hulle laat omdraai, sodat hulle (in Jesus) kan glo. D.w.s. dat hulle God kan glo – anders as Sagaria.

En Johannes het sy plig gedoen. In die woestyn, in sak en as, op sprinkane en wilde heuning. Maar hoewel hy 'n groot aanloop gehad het, het die mense nie werklik geglo nie. Hier en daar ja, maar nie in die breë nie. Daarom het hulle gesê Johannes is van die duiwel besete. Daarom het hulle toegelaat dat hy in die tronk gegooi en onthoof word. Ook dáárin dus 'n skokkende voorloper van Jesus.

Maar ook, en selfs Johannes het getwyfel.

"Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander verwag?", sou hy later vra.

So kan u die bankrotskap van die mens sien in elke onderafdeling van die Bybel, en selfs in die evangelieverhaal. Dit is die verhaal van die onafwendbaarheid van die kruis. Op 'n sekere manier beskou was die kruis selfs nie God se bedoeling nie. Dit was die bose bedoeling van die mense. Maar God het in sy ongelooflike liefde bly agteroorbuig – tot by die smadelike dood van die kruis. Hy het selfs vir die hel nie teruggedeins nie.

Daarom het ons Hom so onuitspreeklik lief.

Te voet deur die Kategismus

# DIE SWARTSTE SONDAG

veral vir tieners wat beter wil verstaan

Toe ons met die vliegtuig oor die hele terrein gevlieg het, het ons die kampe, die areas raakgesien. Geleerdes noem sulke kampe, sulke subterreine noem hulle: "hoofstukke," '"capita," wat niks anders is as die Latynse woord vir "koppe" nie. Kopstukke.

**KOM ONS KYK NET WEER WAAR ONS STAAN**

Nou het ons drié hoofstukke raakgesien.

1. Die ellendige sonde—moeras waarin ons wegsak, al spartel ons ook hoe, en veral omdat ons spartel.
2. Hoe ons uit die moeras gered word.
3. Hoe ons dankie kan sê omdat ons gered is.

Maar as jy nou mooi kyk, sal jy sien daar is eintlik net twee kampe, want ons word in die eerste kamp gered, in die moeras, in die sonde, Daar is dus drie gebeurtenisse, maar dit gebeur op net twee plekke. Ons kruip nie self uit die moeras en wag dan op 'n stukkie stewige grond tot die reddingshelikopter kom nie. Hy haal ons uit die sonde uit, en sit ons op vaste aarde neer.

* * *

Sondag 4 van die Kategismus is die einde van hoofstuk een; die hoofdeel oor ons sonde en ellende. Van volgende keer af sal ons minstens 26 kere besig wees met hoe ons verlos is. En dan kom die dankbaarheid; een groot stuk vreugde.

Maar nou eers die laaste bitter pil.

Doen God die mens dan nie 'n onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie? (vrg.9)

Die Katolieke het gesê die leer van ons Hervormers is onsin. Hoe kan jy sê die mens is sleg tot in die fynste korreltjie van sy bestaan, en hom dan nog die Leviete voorlees? Dis soos om van mense sonder bene te verwag om te hardloop. Dis onregverdig.

Maar ons katkiseermeester sê nee, dis nie onregverdig nie. God het die mens só gemaak dat hy dit kon doen. Die mens het homself in die ongeluk gestort, homself vermink. Jy kan nie nou die wet afwater omdat die mens homself moedswillig verlam het nie. Die bordjie met die wet op bly stom staan langs die (gebreekte) rystoel van die invalide.

Miskien is die verskil tussen ons en die Katolieke dat hulle gesê het die rystoel is nie gebreek nie.; die man kan self op vrome krukke verder. Die geesdrywers van ons dag (wat Rooms in hulle harte is) skree en dreig die man uit sy rystoel die krukke in. Kort voor lank moet hy dit dan weggooi, en self die hemel in "groei".

**AL SIT DIE MENS SONDE-VERLAM IN 'N GEBREEKTE RYSTOEL, HY BLY VERPLIG OM DIE WET NA TE KOM**

Maar dis nie wat die Bybel ons leer nie. Die Bybel sê ons is volkome onbekwaam om goed te doen en geneigd tot alle kwaad. Die mens het hom deur die duiwel laat aanhits en homself met moedswillige ongehoorsaamheid van sy vermoë beroof om die regte dinge te kan doen.

* * *

Goed. Die mens kan nie, al wil hy ook, en hy wil ook nie. Die wat dink hulle wil word Farise˘ërs. En trek jy die masker en die kostuum van die Fariseërsaf, bly daar 'n brutale goddelose oor.

Nou vra ons gesoute katkiseermeester: Gaan God hierdie ongehoorsaamheid en sonde maar deur die vingers sien? Gaan hy sê: Ag, fooi, hulle kan nie. Kom ons los dit maar. Waar het jy nou al gesien verlamdes in rystoele kan oor hekkies spring. Dis onmoontlik, so ons los dit maar.

Daar sit venyn in hierdie vraag, Katolieke en charismatiese venyn. Die Katolieke, nes die moderne sektes en sekte—gesindes, sê die mense is nie korrup tot in die kern van sy bestaan nie. Hy's net gekwes.

As jy mooi genoeg met hom praat, en mooi genoeg vir en saam met hom sing, en hom bang genoeg maak, staan hy op en op vir Jesus en hy kom selfs nie met leë hande by Jesus aan nie.

Die Katolieke en die geesdrywers maak dus nie vrede met die sonde nie, hulle pak dit met mag en mening aan met menslike vroomheid wat so kwaai moontlik warm gemaak is.

**VENYNIGE KRITIEK PROBEER ONS STANDPUNT OOR DIE SONDE BELAGLIK MAAK OM RUIMTE TE MAAK VIR DIE MENS OM HOMSELF TE BEKEER**

En as ons sê, nee, daar is niks aan te doen nie: die mens sak net met al die gespartel al dieper die moeras in , sê hulle: "So! Met ander woorde die redding van die mens is volgens julle niks anders nie as goedkoop genade. God gaan dit maar Jy bly nes jy is, en dan sien God dit oor. Wat 'n slordige God! — wat julle vir julleself uitgedink het. Ons God hou 'n hel gereed vir dié wat hulle nie bekeer nie.

Daarom antwoord ons Kategismus: Nee, God wil nie die ongehoorsaamheid ongestraf laat bly nie. Inteendeel, Hy word woedend daaroor — oor dié sonde wat ons oorgeërf het, én oor dié wat ons self doen. Hy wil dit in hierdie lewe en in die lewe hierna tot in ewigheid straf. Hy het dit uitdruklik gesê in Deut. 27:26 en Gal. 3:10:"Vervloek is elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.

* * *

Laaste vraag van hierdie morbiede hoofstuk uit die wêreld en uit jou en my geskiedenis: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Dit is nou 'n vraag van presies die teenoorgestelde kant as die ander. God is liefde. God sal nie arme sondaars tot in ewigheid laat boet nie. Hy sal hulle miskien net laat doodgaan, na hierdie aardse tranedal, en dan is alles verby. Dít sal genadig wees.

Maar die Kategismus antwoord anders.

As jy nou weet wat alles hierna gaan volg, kan jy byna die gespanne glimlag op die katkiseermeester se lippe sien. Wat? Barmhartig? Jy sal nie glo wat ek jou netnou gaan vertel nie.

Maar eers die laaste harde antwoord: God is wel barmhartig, maar hy is ook regverdig. En omdat hy regverdig is, kan dit nie anders nie as dat die misdaad wat teen die Allerhoogste gepleeg is, ook met die allerhoogste straf gestraf moet word. En God is só (aller)hoog, dat slegs 'n ewige straf aan sy geskonde reg sal kan begin voldoen.

Van volgende keer af gaan ons begin sien hoe God toe 'n plan met sy regverdigheid gemaak het, want ons is nou klaar met die swart Sondae van die Kategismus; die Kategismus se swart hoofdeel een.

# INTERESSANTE FLENTERS

Teen my muur het ek 'n taai teeltjie waarteen jy enige interessante flentertjie kan plak, en weer aftrek sonder 'n letsel. Sommer mooi sinsnedetjies.

* Wim se twee kleinkinders wat bid (as hulle by hulle wewenaar oupa kuier, en slaap): "Dankie, Here, dat ons nou al twéé oumas by U in die hemel het." En jy onthou hoe Wim, kort na sy vrou se dood in sy arms, gesê het: Eens het God vir Adam uit sy ribbebeen 'n hulp gemaak wat by hom pas. As God dit tog nog één keer wou doen.

* Jy kom by tant Siena Hanekom, verlam in die bene, en vra hoe gaan dit. Sy sê:"Nee wat dominee, en moet maar so sit my tyd en afwag." Dit was nie lank nie. Net nog 'n jaar.

* En dan is daar 'n papiertjie teen my muur wat sê: "Hy verloor eers sy humeur, en dan sy tande. En van 'n beroemde Engelse skrywer: "I was drunk for many years and then I died." Vir húlle het Jesus gekom.

* In die klassieke kommentaar van Delitzsch op Hooglied ontval die volgende sinnetjie hom: "After the manner of the vulgar language, ignores pedantic regularity..." Kan iemand dit nie vir alle redigeerders in Afrikaans vertaal nie? As jy volkse taal aanhaal , of daarop sinspeel, ignoreer jy juis skoolse reëlmatighede. Jy laat jou nie beskoolmeester nie, sou wyle C.K. Oberholzer gesê het.

* 'n Vrou verwyt my dat ek nie verstaan hoe diep die swaar sit van 'n vrou wat nie godsdienstig deur 'n man verstaan word nie. Toe belowe ek om 'n boekie daaroor te skryf wat só begin:"Ek dink nie ek sou 'n slegte vrou uitgemaak het nie. Maar nou is ek 'n man, 'n pure man." Wel, nou is dit op rekord, vir nes ek kans kry. Die titel: TUSSEN MAN EN VROU.

NET VIR PREDIKANTE

# IS KOHLBRUGGE 'N KETTER?

Ewe skielik is die naam Kohlbrugge in die nuus.

En G.C. Berkouwer het 'n paar mooi paragrawe om 'n mens te oriënteer. Ek parafraseer en vertaal vry – uit "Geloof en heiliging", p.102 v.

'n Heftige stryd het rondom die figuur van Kohlbrugge gewoed. Veral hý het sy lewe lank sy besorgdheid laat blyk dat een of ander vorm van werkheiligheid die gemeente van sy diepste troos sou beroof. Hy het fel geprotesteer teen allerlei moralistiese tendense van sy tyd en hy wou die mense weer teruglei na die evangeliese boodskap van die radikale regverdiging deur die geloof alleen.

Die aksent wat hy telkens in sy onvermoeide ywer gelê het het in die loop van sy ontwikkeling nog sterker geword onder invloed van die verset, wat hom soms gedryf het tot 'n felle reaksie in die vormgewing van sy gedagtes.

**KOHLBRUGGE HET HOM HEFTIG VERWEER TEEN DIE KRITIEK VAN ANTINOMIANISME**

Een van die beskuldigings wat teen Kohlbrugge ingebring is, was antinomianisme. Van verskillende kante is hy daarvan beskuldig, en hy is verwyt dat hy in sy stryd teen die valse heiligingsleer ook die ware leer aangetas het. Da Costa het Kohlbrugge daaraan herinner dat Christus nie werkloos in ons bly nie, maar 'n heiligingslewe in ons veroorsaak.

Toe Kohlbrugge van hierdie kritiek hoor, was hy diep verontwaardig. Hy het vroeër alle beskikbare antinomiaanse geskrifte bestudeer en God gedank dat hy van so 'n skadelike leer bewaar gebly het. In sy antwoord aan Da Costa spreek hy hom opnuut uit teen die antinomiane en noem hulle leer 'n helse dwaling.

Hy wys daarop hoeseer juis die leerstuk van die dankbaarheid by hom, Kohlbrugge, tot sy reg kom, en betuig sy instemming met Sondag 44 van die Heidelbergse Kategismus. Ook vir Kohlbrugge is die najaging van die heiligmaking die wil van God, maar hy onthou dat die heiliging as 'n aparte stuk ná die regverdigmaking op 'n ander manier aan die orde gestel kan word.

"Gooi jou heiligingskrukke weg," roep Kohlbrugge uit. "Gooi hulle vêr van jou af weg. Jy kom die berg van die Here nie daarmee op nie. Ruk die lappe af waarmee jy jou wonde versteek, en toon jou aan Hom wat heilig en regverdig is – net soos wat jy is! Gee alles wat aan jou behoort prys. Om hier aan jouself te wanhoop, dít is saligheid." Om op Christus se geregtigheid te hoop, is die begin en die einde. Nooit kom die gelowige bo Paulus se belydenis uit nie: "Ek is vleeslik," met my ganse menswees, met lyf en siel, met vernuf en wil, met al my sinne en ledemate." "My hele bestaan is sonde, maar deur die geloof het ek deel aan die volle geregtigheid van Christus."

In hierdie protes teen wettiese heiliging het Kohlbrugge die veelbesproke woorde gebruik dat die wet 'n lyk is, wat ons begrawe het soos dit hoort.

En hy voeg daarby "dat ons vir die wet ook 'n lyk geword het, aangesien die wet ons dood meegebring het; dat ons niks meer met die wet te maak het nadat ons Christus s'n geword het nie." Hy waarsku skerp teen die vrome duiwel wat die mens allerlei vrome werke wil laat doen om sy lede (–mate) op aarde te dood. Teen hierdie "proses" wil Kohlbrugge luidkeels getuig. Is die ou mens méér gedood op jou 40ste of 50ste jaar as in jou 20ste jaar? Hy wil stry teen die skim wat die voorstelling kweek dat ons die sonde algaande oorwin wat syns insiens niks anders is as 'n waardelose strewe wat slegs kan dien tot versadiging van die vlees nie.

**KUYPER HET KOHLBRUGGE VERSTAAN EN HOM VIR SY GETUIENIS VIR DIE GENADE GEëER**

Heiliging is nie 'n proses nie; sekerlik nie 'n morele proses nie. Dit is die heilig-wees in Christus en die deel hê aan die geloof van die heil (verlossing). "As ek Christus het, bekommer ek my nie oor my heiliging nie, nee, maar ek jaag Hom na en ek ag alle ander dinge 'n verlies in die lig van my kennis van Christus.

Veral hierdie soort uitdrukkings het verset teen Kohlbrugge opgeroep. Maar Kohlbrugge se teenstanders het nie altyd genoeg insig gehad vir die felle reaksie-moment in sy optrede nie, en het nie genoegsaam gesien dat hy allereers teen wettiese werkheiliging wou waarsku nie. Hy wou die verband tussen heiliging en regverdiging suiwer hou. Kuyper was in staat om die oordrewe (eksessiewe) formuleringe van Kohlbrugge te deursien en hom in sy vurige getuienis vir die genade te eer.. Aldus G.C. Berkouwer)

# NOORDMANS EN KOHLBRUGGE

Kohlbrugge verdien ongetwyfeld 'n plek onder die klassieke teoloë in die kerk. Ek wys allereers dat daar onder die teoloë wie se name die kerk in gedagtenis hou, nouliks een genoem kan word wat so 'n duidelike invloed uitgeoefen het op die karakter van die prediking van ons tyd soos hierdie predikant van die Gereformeerde Gemeente te Elberfeld. Daarmee bedoel ek nie om hom gelyk te stel of hom bo name te plaas soos Augustinus of Calvyn nie. Kohlbrugge het in die christenheid in die algemeen seker nie die betekenis gehad wat aan hierdie figure toekom nie. Hy het nie so veelsydig gewerk nie; hy het nie vir die westerse christenheid sulke radikale nuwe vorme geskep soos Calvyn nie. En hy was ook nie die universele gees wat Augustinus was nie.

**KOHLBRUGGE VERDIEN 'N PLEK ONDER DIE KLASSIEKE TEOLOë IN DIE KERK ONDER DIE CHRISTELIKE PREDIKERS IS KOHLBRUGGE EEN VAN DIE**

Daarteenoor staan egter dat sy prediking so belynd so skerpsnydend is dat in één opsig, naamlik wat betref die leer van die regverdiging deur die geloof alléén, daar niemand te noem is wat so 'n diep indruk op die gemeente gemaak het nie. Op hierdie punt het hy die onmiskenbare gesag, wat die onderwysing van die Heilige Gees uit die Skrifte hom verleen het, laat geld. In hierdie lyn, wat van Paulus na Augustinus en van hom na Luther loop, die leer van die vrye genade, staan Kohlbrugge soos 'n herout van Jesus Christus om 'n eeu wat in eie krag 'n pad deur die lewe wou baan daaraan te herinner dat daar vir die sondaar geen weg is na die ewigheid anders as deur die dood en deur die opstanding heen nie. Op hierdie punt was hy onversetlik, en het hy sy lewe self op die spel geplaas

Lang jare sonder ampswerk het hy skynbaar verlore laat gaan solank hy maar geen duimbreedte afwyk van hierdie opdrag wat hy ontvang het nie. Hegte vriendskapsbande het hy tot niet laat gaan eerder as om maar iets toe te gee.

Onder die Christelike predikers is Kohlbrugge een van die voorstes en daar sal min wees wie se preke so gesogd bly en volhardend gelees word.

**ONDER DIE CHRISTELIKE PREDIKERS IS KOHLBRUGGE EEN VAN DIE GROOTSTES WAT ALTYD GELEES SAL WORD**

Kohlbrugge was die voorloper van 'n minder reglynige, meer dialektiese manier van gelowige denke, wat tans oral na vore kom, en waarvan die Deen, Kierkegaard, 'n wegbereider was.

Die reformatore het skerp standpunt ingeneem teen werkheiligheid wat in die Roomse kerk die eenvoud van die geloof op so 'n gruwelike manier ondermyn het. Veral Luther het met sy magtige woord daarteen getoorn. Daarby het dit boonop gegaan om die vrome handelinge, die uitwendige verrigtinge, waarmee 'n mens probeer om jou by God verdienstelik te maak. (God se guns te wen – MM) Ek dink hier aan die ongehude staat, die monnikedom, die selfkastyding, die vaste en so meer. Dit is die goeie werke waarvan ons Heidelbergse Kategismus sê dat dit op die insettings van mense en op ons goeddunke gegrond is en nie op die Wet van God nie.

Nou gaan dié kritiek van die Hervormers op die werkheiligheid ook nog verder. Hulle neem dit, as hulle die Roomse kerk verlaat, saam na die nuwe kerke, waarin hulle die gemeentes versamel. Want ook dáár dreig die gevaar dat die wese van die Wet van God nie reg verstaan sal word nie en die stryd teen die goeie werke – as grond vir geloofsversekerdheid – staan op elke dag se agenda. Maar ook dán is meesal te velde getrek teen die dinge wat meer aan die buitekant lê, die uiterlike dade, en is daar minder gedink aan die gevoels– en denklewe van die geloof.

So het dit gekom dat, met name in die gereformeerde kerke, die stryd tussen die twee helftes van die geloofslewe nie tot rus gekom het nie, en daar twee nuwe soorte werkheiligheid ontstaan het: gevoelsheiligheid en leerheiligheid. Gevoelsheiligheid tref ons aan in die kringe van die Nadere

Reformasie (wat eintlik 'n voortsetting van die Rooms-Katolisme is — MM) en leerheiligheid word dáár aangetref waar mense as erfgename van die oorspronklike Reformasie die ortodokse leer daarvan vir hulself opeis.

Dit kom daarop neer dat die geloof inwendig in 'n subjektiewe en 'n objektiewe element verdeel word wat elkeen in homself 'n eie wet as reël vir die geloof opstel. Eersgenoemde noem dan 'n aantal kenmerke wat die geloofslewe moet vertoon, as dit vir eg wil deurgaan, dus 'n soort gevoelsmetodisme. En laasgenoemde 'n dergelike aantal kardinale leerstukke wat geglo moet word as die "gelowige" enige gegronde hoop op die saligheid wil behou.

**KOHLBRUGGE WAS DIE EERSTE GEREFORMEERDE TEOLOOG WAT DIE FUTIELE TEENSTELLING TUSSEN SUBJEKTIWISME EN OBJEKTIWISME DEURSIEN EN OORWIN HET**

Teen hierdie "goeie werke" (subjektief en objektief), wat die gelowiges nie só in die Roomse kerk geken het nie, het Kohlbrugge opgetree. Hierdie meer innerlike werkheiligheid. En wel teen beide soorte hierbo beskrywe, met ewe veel krag. Hy het teruggegryp op die oorspronklike Reformasie, veral op Luther, wat elke soort werkheiligheid veroordeel het, ook as dit vermom is in die vorm van ervaringsvroomheid of suiwer ortodoksie.

Die krag waarmee Kohlbrugge sy verset openbaar het, het hom by 'n punt gebring waarvoor die gereformeerde kerke nog nie ryp was nie. En dit het hom voorlopig geïsoleer. Namate egter die impasses waarin die kerke beland het, en die wêreld in nood daarvoor 'n dringende beroep op die kerk gedoen het, het die moontlikhede ontstaan om Kohlbrugge se insigte te verstaan en te benut.

Namate die werke van die mens as grond vir die geloof uitwendig en inwendig, weggeval het, en die waarheid van God as 'n goddelike openbaring verstaan is, het daar van die mens al meer die sondaar en die oningeligte (onwetende) oorgebly. En die gereformeerde geloofsversekerdheid het die splitsing tussen 'n subjektiewe en 'n objektiewe element te bowe gekom - die teleurstelling tussen 'n metodisme van die gevoel en van die denke. Voortaan sou geloofssekerheid dáár gevind word waar die Christen weet dat hy midde in die sondige wêreld verkorene en geroepene is, tot regverdiging en heerlikheid van Jesus Christus.

Hierdie allesbeheersende uitgangspunt is deur Kohlbrugge se prediking vernuwe en met paradoksale donkerheid en helderheid na vore gebring. En die evangelieverkondiging wat daarop ingestel is, besit 'n innerlike spanning wat kan opweeg teen die weerstande waarvan ons tyd vol is.
(O.Noordmans, Vers. Werk. 3/293-6)

# BELANGRIK OF ONBELANGRIK

Wonderlik hoe mense kan verskil. In een en dieselfde week het die hoofbibliotekaris van die biblioteek van die Parlement ons per brief laat weet dat ons Swart op Wit nie meer aan hulle hoef te stuur nie, al verplig art. 3(2) van die betrokke wet van 1982 ons daartoe; én 'n moderator het 'n predikantekonferensie dieselfde week só gewaarsku dat Kohlbrugge uit die graf opgestaan het dat verskeie ingeligtes sterk vermoed het hy praat oor Swart op Wit c.s.

Wat moet 'n mens nou dáárvan dink?

# 'N TEKS VIR BARMHARTIGHEID

Op 'n dag sit ons in die Bosveld by 'n konferensie en 'n deurlugtige dominee moet praat oor die barmhartigheidswerk wat hospitale doen.

Watter teks sal hy tog neem, wonder ons.

Sy teks is toe Joh. 19:28 waar Jesus sê: "Ek is dors," en sy voorbeeld van wat 'n mens in so 'n dorstige situasie tot stand gebring het, is vers 29 waar n soldaat hom soldatewyn met 'n spons op 'n hisopotingel aanbied. Só moet ons ook maak. Miskien moet ons dit darem gouer doen, want Jesus het kort daarna gesterf.

Oor hierdie oppervlakkige uitleg en teksmisbruik skryf Elmer Erlank: "Volgens Schilder het Jesus die eerste drank wat Hom aangebied is (wyn en gal) geweier omdat dit verdowing sou beteken. Hier aanvaar Hy dit omdat dit Hom die laaste bietjie krag sal gee om Hom bewustelik in die dood te begewe.

Schilder maak veel van die woorde in vers 28 dat Jesus geweet het dat "alles volbring" was. Daar is nou geen engele om Hom te help nie, geen dissipels nie. Maar dit laat Hom nie hulpeloos nie. Hy is 'n koning en Hy maak gebruik van sy rekwisisiereg. Hy kommandeer Caeser se soldaat! Van die soldaat self maak Schilder niks.

# 'N KWAAI TEREGWYSING

Van 'n mev. T. Hamann kry ek 'n kwaai teregwysing oor iets wat ek al in 1983 in Die Kerkbode geskryf het. Ek het naamlik gewaarsku teen die skrikwekkende voorstellings van die wegraping. Die skryfster beweer dat sy by haar bekering 27 jaar gelede die gawe van onderskeiding ontvang het, en dit gee haar blykbaar die reg om 'n klomp goed te sê wat niemand mag weerspreek nie. Vreemd dat dit meesal dinge is wat die Kerk in sy suiwerste gestalte baie eeue al as ketterye uitgewys het waaronder:

* Die wegraping natuurlik — wat sal maak dat "die spotters hulle lag baie gouer sal insluk as wat hulle daarmee begin het, en die wreedste verrassing van hulle lewe sal ondervind."
* Dat die komperstroke op al meer artikels die teken van die antichris is. Wat dan van die vissies op die karre en die advertensies in "Esther" mev. Hamann?
* Dat anderskleuriges aanstoot gegee moet word oor hulle godsdiens, want Jesus is die enigste deur.
* Dat die Duisendjarige Vrederyk aan die kom is nadat die Jode die tempel herbou het.

Al waaroor ek omtrent met mev. Hamann kan saamstem, is dat ons 'n lewende wederkomsverwagting moet hê. Die algemene trant van haar brief is egter so naar en uit die hoogte dat ek nie anders kan dink dat sy die Heilige Gees moet bedroef nie as sy sê: "Ek glo dat ek die Heilige Gees het." Die Heilige Gees sal nie so liefdeloos oor homoseksuele praat soos sy nie. Eerder soos Jesus oor hoere en tollenaars — meer deernis en vergewingsgesindheid

En die wegraping word ook nie (terloops) in die Bybel genoem om mense te verskrik nie, maar om hulle te troos. God sal sy eie hande oor ons hou om ons teen die vervolging te beskerm.

# LOUIS EKSTEEN

Van Louis Eksteen van Newcastle het ek 'n lekker lang brief ontvang.

Nee, Louis, ek is téén die vissies. Die misplaaste vertonerigheid van iets wat oorspronklik 'n geheime teken was. Om dit nou vir advertensie te gebruik is nie net strydig met die oorsprong daarvan nie, maar maak van een van ons mooiste Christelike simbole 'n handelsartikel. Dit geld die goue en silwer kruisies ook.

Dankie vir jou lang en interessante brief, en sterkte met die stryd al maak die Trojaanse Perdjies dit vir jou moeilik.

Louis sê Swart op Wit laat sy tone krul.

# Sien nie kans om "Esther" verder te gebruik nie

## Ds Dana Verduidelik

In ons vorige uitgawe het ons ons verwondering uitgespreek oor Ds. Dana Minnaar van Kaapstad se betrokkenheid by die sektariese blad "Esther." Intussen het ons van hom 'n verduideliking ontvang waarvan ons die volgende aanhaal: "Lank voor daar 'n blad met die naam "Esther" op die mark was, het die huidige redaktrise my eendag van Pretoria af gebel en gesê dat sy een van die traktaatjies wat ek uitgegee het, onder oë gekry het... Sy meld toe ook dat sy beplan om 'n vroue-tydskrif uit te gee en of sy dit dan mag publiseer." Dan haal hy wyle prof. Keet aan wat gesê het die vraag is nie waar jy iets sê nie maar wat jy sê. (Waarmee ons saamstem - Red.) Hy, ds. Dana, het toe ook nog ander traktaatjies aan "Esther" gestuur en vervolg: "My verbasing was self baie groot toe ek maande later per hand 'n "Esther" afgelewer kry. Daar was ook 'n nota by om te vra of ek nie gereeld elke maand vir hulle iets sal skryf nie, maar ek sien nie kans om hulle verder te gebruik nie."

Oor die geval Reinette Venter (wat in die hemel was) alias Sarie Marais (die kleredief, na bewering) heg hy 'n afgerolde verduideliking aan wat vertel hoe knaphandig die vrou met vier stemme en handskrifte hulle mislei het. Dit het vir Ds. Minnaar en sy eggenote veel leed meegebring en ons kan maar net die hoop uitspreek dat alle betrokkenes uit die geval meer nugterheid geleer het.

# DIGTERLIKE BYDRAES

Meer as een leser het 'n stukkie poësie bygedra.
Ons het immers genooi.

Maar dis nie so maklik om te beoordeel nie. Daarom het ek die hulp van 'n letterkundige ingeroep.

Valkenburg-besoek
Chris Steyn

ek het gekom na jou
om bybelversies te herkou
sodat jou afwykings en psigose
kon wyk uit die kader van die bose

om dan te sien wat nie te sien is
en stiltes te hoor waar jy was

is om bymekaar te pas
soos 'n groen hemp en 'n rooi das

Avondmaal Willie van Rooyen

Die brood wat ons breek
is die gemeenskap met die liggaam
van Christus
die beker wat ons (met danksegging) seën
is die gemeenskap met die bloed
van Christus
neem eet en drink
gedenk en glo dat dit gebreek
en gestort is tot 'n volkome versoening
van al ons sondes

Ek neem die brood en wyn
sluk swaar daaraan terwyl ek bid
vergewe Heer
dat ek ook hieraan skuldig is

Maar môre laat ek hom weer sterf
wanneer ek my medemens
breek en stort
want ek vergeet nog te gou
dat ek gister tot die dood toe
skuldig was

Geteken: Judas Iskariot;

**Kommentaar: Ons letterkundige lewer die volgende kriptiese kommentaar:**

"Die pogings het nog nie poësie geword in die sin van dĭg-kuns, d.i. verdigting (dichtung) nie. Dit is eerder prosa wat tot versreëls opgekap word — gangbaar genoem "gekapte prosa." In hierdie proses word gepoog om poëtiese kwaliteit te bewerkstellig deur middel van rym, maar dis grotendeels rymelary wat tot stand kom onder rymdwang — bloot lukraak, inkonsekwent, onfunksioneel.

Verder kort dit diepgang. Die "ironic twist" van bv. Avondmaal red dit nie.

Vra jou medewerkers om nog veel meer te lees. W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, T.T. Cloete. Hulle moet lees en aanhou probeer — nie so gou tevrede wees nie. 'n Skrywer wat slaag is een wat aanhou skryf.

# OOR WOEDE EN FRUSTRASIE

## *In ligter luim*

Een van die swaarste dinge om as predikant gewoond te raak, is mense wat nie wil nie. Ek sien kans vir enige iets — selfs vir 'n alkoholis — maar 'n man wat vir my sê dat hy nie sy weg oopsien nie, vernietig my dag. My vrou sê dis oor ek so verwaand is. Ek dink al die mense moet gretig wees om saam met my op die kerkraad te werk net om dit saam met my te doen. Miskien is sy reg, en ek veg daarteen, maar ek het nog nie gewen nie.

Maar eendag het ek my Moses teëgekom by 'n bereidwillige.

Die kinders moes Bybelkenniseksamen skryf. Omdat ek (in my beskeie verwaandheid) gedink het daar is belangrikerdinge wat hulle moet weet in hulle finalejaar katkisasie, aas die stukkie voorgeskrewe werk, het ek afgewyk van die leerplan. Toe ons weer sien was die eksamen voor die deur.

Vier kinders wou graag skryf. Omdat ek myself verantwoordelik gevoel het vir hulle swak voorbereiding, besluit ek toe om die stuk self deur te werk en moontlike vrae en antwoorde op te stel om hulle te help. Ek spreek toe met hulle af om Sondagmiddag vieruur by die klas te wees met pen en papier.

Tot my uiterste teleurstelling daag daar net een van die vier op. Die swakste een. En hy's sommer baie swak.

Ons wag 'n rukkie maar tevergeefs.

Ek is woedend. Al die moeite. Net vier uit twintig wat wil skryf. Net een van die vier wat kom vir die "ekstra klas." En dan nog die een wie se linkerhand skaars weet wat sy regterhand doen. En hy sal ook nie beter kan doen nie, hy hét dit eenvoudig nie.

Maar natuurlik is dit nie sy skuld nie, so al die argwaan in die sak steek en weer die ou entoesias word wat 'n ou tandeborsel se hare kan regop praat..

"Goed Andries, skryf. Vraag een:"

Ek hou nie van dikteer nie. Dis 'n kriminele didaktiese metode. Genoeg daarvan gehad op universiteit. Maar die kalf is in die put. Dus: Al voel jy bietjie skuldig, voorwaarts!

"Vraag vyftien. Of by hoeveel is ons nou?

Hy brom iets.

**ANDRIES HOU SY WERK ANGSTIG TOE, MAAR HY IS DIE ENIGSTE KANDIDAAT WAT SKRYF EN DIS NIE EERS 'N EKSAMEN NIE**

"Maak ook nie saak nie. Volgende vraag. Nommer jy maar self."

Snaaks dat die kind sy skryf toehou. Dis natuurlik 'n gewoonte wat hulle by die skool aanleer. Leer om toe te hou dat die ander nie moet afkyk nie. Wonder wie sal iets by hóm afkyk. Hy hou seker toe dat hulle nie sy onnosel antwoorde moet sien nie.

"Volgende vraag..." Die kerkhorlosie slaan vyfuur. Ek praat en praat (en gaap) en wonder vaagweg hoe Andries dit regkry om by te hou. Hy vra my nie eenkeer om iets te herhaal nie. Ek neem my voor om aan die einde so bietjie na sy notas te kyk, en staal my by voorbaat vir die frustrasie en die spelling.

Maar ek was verkeerd.

Toe die kerkklok half ses slaan, is ons klaar.

"Andries, laat ek bietjie sien wat jy geskryf het."

Hy word bleek, vroetel met die slap notaboekie.

"Dominee, my pen het opgedroog."

Ek vat die eksersaaisboek. My vingers steek. My mond hang oop. My asem jaag. Net die eerste bladsy is half—vol geskryf. Die res is onleesbare voortjies op die papier.

Vir die eerste keer in my lewe wens ek iemand het liewer nie kans gesien nie. Later het ek begin wonder waarom mense vir my bang is.